BISBETA word aangedui vir die behandeling van stabiele chroniese matig-tot-erge hartversaking met verminderde sistoliese ventrikulêre funksie (uitwerpingsfraksie ≤ 35 %, gebaseer op eggokardiografie) bykomend tot ACE-inhibitors en diuretikas, en opsionele digoksien voor die toediening van **BISBETA**. Pasiënte behoort stabiele chroniese hartversaking sonder akute versaking gedurende die voorafgaande ses weke te hê, en 'n onveranderde basiese terapie gedurende die voorafgaande twee weke. Hulle moet voor die toediening van **BISBETA** met 'n optimale dosis van 'n ACE-inhibitor (of ander vasodilator in die geval van intoleransie vir ACE-inhibitors) en diuretika behandel word, en opsioneel met digoksien. Daar word aanbeveel dat die behandelende geneesheer ervaring in die bestuur van chroniese hartversaking moet hê.

KONTRA-INDIKASIES:
BISBETA word teenaangedui in pasiënte met chroniese hartversaking wat ook ly aan:
- hipersensitiwiteit vir bisoprolol of enige van die bestanddele
- akute hartversaking, of tydens episodes van hartversaking, dekompensasie wat intraveneuse inotropiese terapie vereis
- kardiogeniese skok
- AV-blok van tweede of derde graad (sonder 'n pasaangeër)
- Siek sinus-sindroom
- sinoatriale blok
- bradikardie met minder as 50 kloppe/min voor die aanvang van terapie
- hipotensie (sistoliese bloeddruk laer as 100 mmHg)
- brongiale asma, brongitis en erge chroniese obstruktiewe lugwegsiekte
- perifere arteriale okklusiewe siekte
- Raynaud se sindroom
- feochromositoom
- metaboliese asidose
- swangerskap en borsvoeding (sien **"SWANGERSKAP EN BORSVOEDING"**)
- hipertiroïdisme, aangesien kliniese manifestasie verbloem kan word
- perifere vaskulêre siekte
- sinusbradikardie

Die normale dosis moet in bejaarde pasiënte, of in pasiënte wat ly aan renale disfunksie, verminder word. In die peri-operatiewe tydperk is dit gewoonlik onwys om die dosering waaraan die patient gewoond is, te verminder, aangesien daar 'n gevaar van verergering van angina pectoris of hipertensie bestaan. 'n Pasiënt se normale tagikardiese reaksie op hipovolemie of bloedverlies kan gedurende of na afloop van chirurgie verbloem word. Spesiale omsigtigheid moet in hierdie opsig aan die dag gelê word. Veiligheid en doeltreffendheid in kinders is nie bepaal nie.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS:
BISBETA moet met waaksaamheid gebruik word in:
- gelyktydige behandeling met ingeasemde narkose
- diabetes mellitus met groot fluktuasies in bloedglukosewaardes; simptome van hipoglisemie kan verbloem word, en reaksies op hipoglisemie kan verminder word
- streng vasting
- voortgesette desensitiseringsterapie
- AV-blok van eerste graad
- Prinzmetal se angina
- perifere arteriale okklusiewe siekte (meer intense klagtes kan voorkom, veral tydens die aanvang van terapie)

Daar is geen terapeutiese ervaring van behandeling met **BISBETA** in hartversaking onder pasiënte met die volgende siektes en toestande nie:
- NYHA klas II hartversaking
- insulienafhanklike diabetes mellitus (Tipe I)
- belemmerde renale funksie (serumkreatinien <80 ml/min)
- belemmerde lewerfunksie
- pasiënte ouer as 80 jaar
- beperkende kardiomiopatie
- kongenitale hartsiekte
- hemodinamies-noemenswaardige organiese valvulêre siekte
- miokardiale infarksie binne 3 maande

β-blokkers, soos **BISBETA**, kan brongospasma in pasiënte met asma veroorsaak (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**).
Bisoprolol kan beide die sensitiwiteit vir allergene en die erns van anafilaktiese reaksies verhoog. Behandeling met epinefrien (adrenalien) lewer nie altyd die verwagte terapeutiese effek nie.

Psoriase kan deur **BISBETA** vererger word. Die simptome van tirotoksikose kan onder behandeling met **BISBETA** verbloem word.

Begin van behandeling met **BISBETA** noodsaak gereelde monitering. Staking van terapie met **BISBETA** moet nie skielik gedoen word nie, tensy dit duidelik aangedui is. Pasiënte moet aangeraai word om die mate van hulle fisiese aktiwiteit te beperk gedurende die tydperk wanneer **BISBETA** gestaak word.

'n Pasiënt se normale tagikardiese reaksie op hipovolemie of bloedverlies kan gedurende of na chirurgie verbloem word. Daar moet in hierdie opsig spesiale waaksaamheid aan die dag gelê word. In die geval van chirurgie moet die narkotiseur voor enige operasie ingelig word van terapie met **BISBETA**. Indien die besluit geneem word om **BISBETA** voor narkose te staak, moet minstens 48 uur eers verloop tussen die laaste dosis en chirurgie. Indien die medikasie voortgesit word, moet sorg gedra word wanneer halogeneerde anestesie gebruik word. Atropien (1 – 2 mg IV) kan gebruik word om vagale dominansie reg te stel. Die pasiënt moet peri-operatief op sy/haar gewone dosering gehandhaaf word. In die peri-operatiewe tydperk is dit gewoonlik onwys om die dosering waaraan die pasiënte gewoond is, te verminder, weens die gevaar van verergering van angina pectoris of hipertensie. In pasiënte wat aan iskemiese hartsiekte ly, moet behandeling nie skielik gestaak word nie.

Sorg moet gedra word wanneer **BISBETA** voorgeskryf word tesame met Klas I antidisritmiese middels soos disopiramied, miokardiale depressante en inhibitors van AV-geleiding soos kalsiumantagoniste. Waaksaamheid moet uitgeoefen word wanneer pasiënt vanaf klonidien oorgeslaan word, aangesien die onttrekking aan klonidien die vrystelling van groot hoeveelhede katecholamien tot gevolg kan hê, wat hipertensiewe krisis kan veroorsaak. Indien **BISBETA** in hierdie omstandighede toegedien word, kan die onbestrede stimulasie van die alfa-reseptor hierdie effek versterk. Indien **BISBETA** en klonidien gelyktydig toegedien word, moet die klonidien nie gestaak word tot etlike dae ná onttrekking aan **BISBETA** nie, aangesien erge terugkerende hipertensie kan intree.
BISBETA moet met waaksaamheid gebruik word in kombinasie met verapamil in pasiënte met belemmerde ventrikulêre funksie. Hierdie kombinasie moet nie vir pasiënte met geleidingsabnormaliteite gegee word nie. Nie een van beide medikasies moet intraveneus binne 48 uur na staking van die ander een toegedien word nie. Die intraveneuse toediening van kalsiumantagoniste en antidisritmiese middels word nie gedurende terapie met **BISBETA** aanbeveel nie. Die intraveneuse toediening van verapamil in pasiënte op behandeling met **BISBETA** kan lei tot akute hipotensie en atrioventrikulêre blok. **BISBETA** modifiseer die tagikardie verbonde aan hipoglisemie.

Pasiënte met feochromositoom verg gewoonlik behandeling met 'n α-adrenergiese blokker.

Die dosering van **BISBETA** moet in pasiënte met erge renale belemmering aangepas word.

Uitwerking op vermoe om motor te bestuur en masjinerie to gebruik:
BISBETA kan lomerigheid en duiseligheid veroorsaak. Moenie motor bestuur of enige gereedskap of masjinerie gebruik totdat u weet hoe die tablette u affekteer nie.

INTERAKSIES:
Dit kan gevaarlik wees om **BISBETA** saam met die volgende medikasies te gebruik:
- Gelyktydige gebruik van **BISBETA** met hipoglisemiese middels, fenotiasiene en verskeie anti-disritmiese middels kan lewensgevaarlike gevolge hê, bv.
  - akute hipoglisemie met orale hipoglisemiese middels en insulien;
  - miokardiale depressie met antidisritmiese middels.
- β-adrenoseptor-stimulerende middels kan die uitwerking van **BISBETA** teëwerk.
- α-adrenoseptorstimulante kan vasokonstriksie gevaarlik beïnvloed, en adrenergiese neuronblokkers kan lei tot ewensgevaarlike vasokonstriksie tydens die gebruik daarvan in kombinasie met **BISBETA**.
- **BISBETA** en digoksien kan gelyktydig gebruik word vir pasiënte met kongestiewe hartversaking, mits die polsslag en reaksie van die patient gemonitor word.
  Dit kan gevaarlik wees om **BISBETA** tesame met digoksien toe te dien, wat kan lei tot 'n afname in harttempo en 'n toename in atrioventrikulêre geleidingstyd.
- Die halflewe van **BISBETA** kan effens verkort word deur die gelyktydige toediening van rifampisien. 'n Verhoging van die dosis is gewoonlik onnodig.
- Kalsiumantagoniste het negatiewe invloed op saamtrekbaarheid, atrioventrikulêre geleiding en bloeddruk (sien **"WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"**).
- Klonidien en ander sentraalwerkende antihipertensiewe middels verhoog die risiko van terugkerende hipertensie sowel as verergerde afname in harttempo en kardiale geleiding.
- Monoamienoksidase-inhibeerders (behalwe MAO-B inhibitors) verhoog die hipotensiewe effek van β-blokkers, maar ook die risiko van hipertensiewe krisis.
- Die farmakokinetika van bisoprolol word nie noemenswaardig deur simetidien beïnvloed nie.
- Die volgende kombinasies moet met omsigtigheid tesame met bisoprolol gebruik word:
  - Klas I antidisritmiese medikasies (bv. disopiramied, kinidien), weens 'n aanhelpende effek op die atriale geleidingstyd en verhoogde negatiewe inotropiese uitwerking.
  - Klas III antidisritmiese medikasies (bv. amiodaroon) waar die uitwerking op atriale geleidingstyd versterk kan word.
- Parasimpatomimetiese medikasies (insluitend takrien), waar atrioventrikulêre geleidingstyd en die risiko van bradikardie verhoog kan word.
- Ander β-blokkers, insluitend oogdruppels, het bykomende effekte.
- Insulien en orale anti-diabetiese medikasies, waar dit kan lei tot 'n meer intense bloedsuikerverlagende uitwerking. Blokkering van β-adrenoseptors kan die simptome van hipoglisemie verbloem.
- Anestetiese middels wat kan lei tot verswakking van die refleks-tagikardie en 'n toename in die risiko van hipotensie. Voortsetting van β-blokkade verminder die risiko van disritmie gedurende induksie en intubasie. Die narkotiseur moet ingelig word as die pasiënt **BISBETA** ontvang.
- Prostaglandiensintetase-inhiberende medikasies, waar die hipotensiewe uitwerking verminder word.
- Ergotamienafleidings wat kan lei tot verergering van perifere sirkulatoriese versteurings.
- Kombinasies van simpatomimetiese middels met **BISBETA** kan die uitwerking van beide medikasies verminder. Hoër dosisse van epinefrien (adrenalien) kan nodig wees vir die behandeling van allergiese reaksies.
- **BISBETA** in kombinasie met trisikliese antidepressante, barbiturate, fenotiasiene, asook ander antihipertensiewe middels, kan aanleiding gee tot 'n toename in die bloeddrukverlagende uitwerking.
- Die kombinasie van **BISBETA** met meflokien moet oorweeg word, aangesien daar 'n verhoogde risiko van bradikardie is.

SWANGERSKAP EN BORSVOEDING:
Toediening van **BISBETA** aan swanger vroue kort voor of gedurende geboorteskenking kan ineenstorting of hipoglisemie in die pasgeborene tot gevolg hê (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**).

DOSERING EN GEBRUIKSAANWYSINGS:
Die behandeling van stabiele chroniese hartversaking met **BISBETA** moet met titrasiefase begin word, soos in die beskrywing hieronder aangedui.
Behandeling met **BISBETA** moet met 'n geleidelike opwaartse titrasie volgens die volgende stappe begin word:
- 1,25 mg een maal daagliks vir 1 week, en indien goed verdra, verhoog na
- 2,5 mg een maal daagliks vir 'n verdere week, en indien goed verdra, verhoog na
- 3,75 mg een maal daagliks vir 'n verdere week, en indien goed verdra, verhoog na
- 5 mg een maal daagliks vir die daaropvolgende 4 weke, en indien goed verdra, verhoog na
- 10 mg een maal daagliks vir instandhoudingsterapie.

Na aanvang van behandeling met 1,25 mg, moet pasiënte vir 'n tydperk van ongeveer 4 uur waargeneem word (veral wat betref bloeddruk, harttempo, konduksieversteurings, tekens van verergerende hartversaking). Die maksimum aanbevole dosis is 10 mg een maal daagliks.

Die voorkoms van nadelige voorvalle kan verhoed dat alle pasiënte met die maksimum aanbevole dosis behandel kan word. Indien nodig kan die dosis wat bereik word ook stap vir stap verminder word. Die behandeling kan onderbreek word indien nodig en hervat word soos van pas. Gedurende die titrasiefase, in die geval van verergering van hartversaking of onverdraagsaamheid, word daar aanbeveel dat die dosis van **BISBETA** eers verminder word, of onmiddellik gestaak word indien nodig (ingeval van erge hipotensie, verergering van hartversaking met akute pulmonêre edeem, kardiogeniese skok, simptomatiese bradikardie of AV-blok).

Behandeling van stabiele chroniese hartversaking met **BISBETA** is gewoonlik langtermynbehandeling. Daar word aanbeveel dat behandeling met **BISBETA** nie skielik gestaak word nie, aangesien dit kan lei tot verbygaande verergering van hartversaking. Indien staking nodig is, moet die dosis geleidelik verminder word deur dit weekliks in die helfte te verdeel.
BISBETA moet soggens saam met voedsel geneem word. Dit moet met vloeistof ingesluk word en moet nie gekou word nie.
Bejaarde pasiënte is meer waarskynlik om ouderdomverwante perifere vaskulêre siekte te hê, wat waaksaamheid kan vereis.
Daar is 'n wye inter-individuele variasie in sensitiwiteit vir een enkele dosis van bisoprolol.
Daarom is dit verpligtend om behandeling van hierdie pasiënte met 'n geleidelike opwaartse titrasie te begin, volgens die skema wat hierbo aangedui word.

NEW EEFFEKTE:
Versteurings van die bloed en limfatiese stelsel
Minder algemeen: Leukopenie, trombositopenie, agranulositose, nie-trombositopenie purpura, verbygaande esinofilie

Immuunstelselversteurings
Minder algemeen: Hipersensitiwiteitsreaksies (gejeuk, gloede, uitslag), sistemiese lupus eritematose (SLE)

Metabolisme- en voedingsversteurings
Minder algemeen: Metaboliese versteurings
Frekwensie onbekend: Hipoglisemie, hiperglisemie, toename in vlakke van uriensuur, hipercholesterolemie, verandering in bloedkonsentrasies van trigliseriede

Psigiatriese versteurings
Minder algemeen: Slaapversteurings, depressie, nagmerries, hallusinasies, klaarblyklike psigose is al met ander beta-blokkers waargeneem

Senuweestelselversteurings
Algemeen: Vermoeidheid/lusteloosheid, moegheid, duiseligheid, uitputting, hoofpyn (hierdie simptome kom gewoonlik voor tydens aanvang van behandeling)
Minder algemeen: Slaapversteurings, koma, konvulsies

Oogversteurings
Frekwensie onbekend: Konjunktivitis, afname in traanproduksie, wasige sig, pyn, versteurings van visie

Oor-en labirintversteurings
Minder algemeen: Verbygaande gehoorverlies, belemmering van gehoor

Kardiale versteurings
Minder algemeen: Bradikardie, hartblok, vloeistofretensie, sinkopee, kongestiewe hartversaking, AV-stimulus-versteurings, verergering van hartversaking, ortostatiese hipotensie

Vaskulêre versteurings
Algemeen: Hipotensie, parestesie, gevoel van koudheid en gevoelloosheid in die ledemate
Minder algemeen: Paradoksikale hipertensie, verergering van perifere vaskulêre siekte of die ontwikkeling van Raynaud se verskynsel, rusteloosheid, erge perifere vaskulêre siekte en perifere gangreen

Respiratoriese, torakale en mediastinale versteurings
Minder algemeen: Brongospasma in pasiënte met brongiale asma of geskiedenis van obstruktiewe lugwegsiekte, kortasemheid, dispnee, pneumonie, pulmonêre fibrose, pleuritis

Gastroïntestinale versteurings
Algemeen: Naarheid, braking, diarree, hardlywigheid, abdominale krampe, ander gastroïntestinale versteurings
Frekwensie onbekend: Stomatitis

Hepatobiliêre versteurings
Minder algemeen: Hepato-toksisiteit, hepatitis

Versteurings van die vel en subkutane weefsel
Algemeen: Sweet
Minder algemeen: Veluitslag, allergiese reaksies
Baie seldsaam: Alopesie, uitslag, pruritus, verergering van psoriase

Muskuloskeletale, bindweefsel- en beenversteurings
Minder algemeen: Spierswakheid en -krampe, miopatieë, rug- en gewrigspyn

Versteurings van die voortplantingstelsel en borste
Minder algemeen: Potensieversteurings

Algemene versteurings en plek van toedieningtoestande
Minder algemeen: Toename in massa, astenie

Nadelige reaksies is meer algemeen in pasiënte met renale dekompensasie.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN:
Oordosering kan bradikardie en erge hipotensie veroorsaak. Brongospasma en hartversaking kan in sekere individue veroorsaak word. Gevalle van ligte oordosering moet vir minstens 4 ure dopgehou word, aangesien apnee en kardiovaskulêre ineenstorting skielik kan intree. Maagspoeling moet binne 4 ure na 'n vermoedelike oordosering uitgevoer word. Herhaalde toediening van geaktiveerde houtskool kan vir oordosering nodig wees. Atropien kan gebruik word om erge bradikardie te behandel. Indien die reaksie ontoereikend is, kan glukagon intraveneus toegedien word. As alternatief kan dobutamien vereis word om β-blokkade om te keer. Kardiale pasgewing kan vir erge bradikardie vereis word. Brongospasma moet met intravenese (IV) aminofillien of ingeasemde of IV beta-agonis, bv. salbutamol, behandel word.

IDENTIFIKASIE:
BISBETA 2.5 mg:
Wit, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette, ingegraveer met 'P' en 'n breeklyn aan die een kant, en '2' aan die ander kant.

BISBETA 5 mg:
Wit, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette, ingegraveer met 'P' en 'n breeklyn aan die een kant, en '5' aan die ander kant.

BISBETA 10 mg:
Wit, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette, ingegraveer met 'P' en 'n breeklyn aan die een kant, en '10' aan die ander kant.

AANBIEDING:

BISBETA 2.5 mg, **BISBETA 5 mg en BISBETA 10 mg**:
Stolpverpakking:
Tablette word verpak in gedrukte of drukdeur dekfoelie aftrekbare en koue-vorm filmbedekking.
Aftrekbare dekfoelie: Bestaan uit 25 mikron aluminiumfoelie met 7 g/m² hitte-verseëlde lak.
Drukdeur dekfoelie: Bestaan uit 50 g/m² paper / 12 mikron polyester / 20 mikron aluminiumfoelie met 7 g/m² hitte-verseëlde lak.
Koue-vorm filmbedekking: Koue-vorm drievuldiggelamineerde filmbedekking. Hierdie koud-gevormde laag bestaan uit 25 mikron poliamied / 45 mikron aluminiumfoelie / 60 mikron PVC-laag. Een stolpstrokie bevat 10 tablette.
Verpakkingsgrootte: 30's – Elke kartondosie bevat 3 stolpstrokies van 10 tablette elk.

HDPE-houerverpakking:
Tablette word verpak in 'n wit ondeursigtige 40 ml HDPE-houer met wit ondeursigtige RS-deksel met induksieseël wat 1 silikajelpakkie bevat. Elke houer bevat 30 tablette.
Pakkiegrootte: 30's - Een HDPE-houer bevat 30 tablette.

BERGINGSINSTRUKSIES:
Bewaar by of benede 25 °C. Bewaar stolpstrokies in die oorspronklike kartondosie totdat dit vir gebruik benodig word.
Houers moet dig toegehou word.
HOU BUITE DIE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMERS:
SUID AFRIKA:
BISBETA 2.5 mg: 45/5.2/0789
BISBETA 5 mg: 45/5.2/0790
BISBETA 10 mg: 45/5.2/0791
NAMIBIË:
BISBETA 2.5 mg: 18/5.2/0065
BISBETA 5 mg: 18/5.2/0066
BISBETA 10 mg: 18/5.2/0067

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT:
AUROGEN SOUTH AFRICA (EDMS) BPK
Woodhill Kantoorpark, Gebou Nr. 1
Eerste Vloer, Phillip Engelbrechtlaan 53,
Meyersdal, Uitbr. 12, Johannesburg,
Suid Afrika, 1448

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE PAKKIEVOUBILJET
Datum van registrasie:
10 April 2014

Datum van hersiening:
11 Februarie 2022

P1530473

✂ ⬆ DETACH BEFORE DISPENSING

SUID AFRIKA: S3
NAMIBIË: NS2
BISBETA 2.5 mg (tablet)
BISBETA 5 mg (tablet)
BISBETA 10 mg (tablet)
Bisoprololfumaraat (2:1)

Lees hierdie hele brosjure versigtig voordat u begin om BISBETA te neem.
- Hou hierdie brosjure. U mag dit weer moet lees.
- Indien u verdere vrae het, vra asseblief u dokter of u apteker.
- **BISBETA** is vir u persoonlik voorgeskr u en u behoort nie u medisyne met ander persone te deel nie. Dit kan hulle skade aandoen, al is hulle simptome dieselfde as u sin.

1. WAT BISBETA BEVAT
Die aktiewe stof is bisoprololfumaraat.

BISBETA 2.5 mg:
Elke filmbedekte tablet bevat bisoprololfumaraat (2:1) 2.5 mg. Suikervry.

BISBETA 5 mg:
Elke filmbedekte tablet bevat bisoprololfumaraat (2:1) 5 mg. Suikervry.

BISBETA 10 mg:
Elke filmbedekte tablet bevat bisoprololfumaraat (2:1) 10 mg. Suikervry.

Die ander bestanddele van **BISBETA** is kalsiumwaterstoffosfaat; sellulose mikrokristallyn; krospovidoon; magnesiumstearaat en silika kolloïdaal anhidries.

Die bedekkingsmateriaal van **BISBETA** bevat hipromellose; makrogol/ PEG 400 en titaandioksied (C.I. Nr: 77891).

2. WAARVOOR BISBETA GEBRUIK WORD

BISBETA behoort aan 'n groep medisyne wat beta-blokkeerders genoem word.

BISBETA word in kombinasie met ander medisyne gebruik word om stabiele, chroniese (langtermyn), matige tot ernstige hartversaking te behandel.

3. VOORDAT U BISBETA NEEM

Moenie BISBETA neem nie:
- Indien u hipersensitief (allergies) vir bisoprolol of enige van die ander bestanddele van **BISBETA** is.
- Indien u akute hartversaking ondervind of as u inspuiting van inotropiese medisyne benodig (medisyne wat die krag van kontraksie van die hart verhoog)
- Indien u aan kardiale skok gely het (ontoereikende hartfunksie)
- Indien u aan hartblok ly en nie 'n pasaangeër het nie
- Indien u aan baie stadige hartklop ly (minder as 50/minuut) of sieksinussindroom ('n sindroom van stadige hartslae met vinnige disritmieë)
- Indien u aan sinoatriale blok ly (inmenging met die impuls na die hartkamer)
- Indien u aan baie swak sirkulasie of Raynaud se sindroom ly
- Indien u lae bloeddruk het
- Indien u aan 'n onbehandelde feochromositoom ly ('n tumor op die byniere)
- Indien u aan ernstige brongiale asma, brongitis of ernstige asemhalingsprobleme ly.
- Indien u swanger is of borsvoed.
- Indien u aan 'n ooraktiewe skildklier ly wat 'n oormatige hoeveelheid skildklierhormone produseer.
- Indien u metaboliese asidose het ('n toestand wat voorkom wanneer die liggaam te veel suur produseer of waar die niere nie genoeg suur uit die liggaam verwyder nie)
- In kinders.

Neem spesiale sorg met BISBETA:
- Voordat u **BISBETA** neem, moet u u dokter vertel indien u aan enige van die volgende ly:
  - asma of enige ander longsiekte.
  - diabetes mellitus (die inname van **BISBETA** kan dit vir u moeiliker maak om vas te stel wanneer u lae bloedsuiker het)
  - u desensitisering-terapie vir allergieë ondergaan
  - hartblok
  - Prinzmetal-angina ('n vorm van onstabiele angina)
  - swak sirkulasie
  - psoriase
  - niersiekte - Indien u ernstige nierprobleme het, sal u dokter die dosis van die **BISBETA** aanpas.
  - 'n feochromositoom ('n tumor op die byniere)
- Vertel u dokter ook indien:
  - u besig is om te vas
  - u enige ander medisyne neem of ontvang, soos narkoses, kalsiumantagoniste, medisyne wat gebruik word om hartsiekte en onreëlmatige hartklop te behandel soos disopiramied en verapamiel, en klonidien (medisyne wat gebruik word om hoë bloeddruk, migraine en menopousale gloede te behandel).
  - u enige soort chirurgie sal moet ondergaan. Vertel die chirurg en narkotiseur voor die tyd dat u **BISBETA** gebruik.
- **BISBETA** mag die tekens van 'n ooraktiewe skildklier versluier.
- U dokter sal u gereeld moniteer wanneer u begin om **BISBETA** te neem.
- Indien u 'n geskiedenis het van ernstige allergiese reaksies wat adrenalien benodig het, mag **BISBETA** veroorsaak dat u sisteem nie op die gebruiklike effektiewe dosis adrenalien reageer nie.
- Omsigtigheid word benodig indien u van klonidien na **BISBETA** oorgeskakel word. Indien u **BISBETA** en klonidien saam neem, behoort die klonidien tot etlike dae na onttrekking van die **BISBETA**, nie gestaak te word nie.
- **Staking van behandeling met BISBETA:** Moenie behandeling skielik staak nie sonder om eers met u dokter te gesels.

Neem van BISBETA saam met kos en drank:
- **BISBETA** kan met kos geneem word.
- Sluk die tablette saam met vloeistof in.

Swangerskap en Borsvoeding:
- **BISBETA** behoort nie tydens swangerskap of borsvoeding, geneem te word nie. Die inname van **BISBETA** kort voor geboorte of tydens kraam mag verminderde spiertonus (slapheid) en lae bloedsuiker by die pasgeborene veroorsaak.

Indien u swanger is of u baba borsvoed, moet u asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige vir advies raadpleeg voordat u hierdie medisyne neem.

Bestuur en gebruik van masjiene:

BISBETA mag lomerigheid en duiseligheid veroorsaak. Moenie bestuur of enige gereedskap of masjiene gebruik nie, totdat u weet hoe die tablette u affekteer.

Neem van ander medisyne saam met BISBETA:
Vertel altyd u gesondheidsorgdeskundige indien u enige ander medisyne neem.
(Dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in).

- Voordat u **BISBETA** neem, moet u u dokter vertel indien u enige van die volgende medisyne neem:
  - Mondelinge tablette wat gebruik word om diabetes te behandel en insulien.
  - Fenotiasiene (behandeling van psigotiese versteurings)
  - Medisyne wat gebruik word om disritmieë (onreëlmatige hartslae) te behandel, bv. disopiramied, kinidien en amiodaroon
  - Isoprenalien
  - Guanetidien
  - Reserpien (medisyne vir hoë bloeddruk)
  - Digoksien (medisyne vir hartversaking)
  - Narkoses
  - Rifampisien (antibiotikum om TB te behandel)
  - Kalsiumkanaalblokkeerders (bv. verapamiel) (medisyne vir angina en hoë bloeddruk)
  - Klonidien (medisyne vir hoë bloeddruk)
  - Barbiturate (word vir slaaploosheid gebruik)
  - Monoamienoksidase-inhibeerders (bv. fenelsien, selegilien, tranielsipromien) (medisyne wat gebruik word om depressie te behandel)
  - Trisikliese antidepressante (medisyne wat gebruik word om depressie te behandel)
  - Prostaglandien-sintetase-inhibeerders (bv. indometasien)
  - Ergotamien (medisyne vir migraine)
  - Takrien
  - Ander betablokkeerder medisyne insluitend oogdruppels
  - Medisyne wat gebruik word om hoë bloeddruk te behandel
  - Meflokien (anti-malaria-middel)

Indien u enige van hierdie medisyne gebruik, sal u moontlik nie **BISBETA** kan neem nie, of u mag dosisaanpassings benodig of u dokter sal moontlik u versigtig vir newe effekte moet moniteer.
- Voordat u enige van u medisyne staak, moet u asseblief eers met u dokter gesels.

4. HOE OM BISBETA TE NEEM

Neem **BISBETA** altyd presies volgens u dokter se instruksies. U behoort met u dokter of apteker te gesels indien u nie seker is nie. Indien u onder die indruk verkeer dat die effek van **BISBETA** te sterk of te swak is, gesels met u dokter of apteker daaroor.

- Jou dokter sal vir u vertel hoeveel tablette u moet neem. U behoort **BISBETA** in die oggend te neem.
- **BISBETA** kan met kos geneem word.
- Sluk die tablette met 'n bietjie vloeistof in en moenie dit kou of vergruis nie.
- **Volwassenes en bejaardes:**
  Wanneer u begin om **BISBETA** te neem, sal u dokter die sterkte van die tablette wat u neem geleidelik verhoog totdat u die dosis ontvang, wat u die beste pas.
  U dokter sal gewoonlik u behandeling begin met: **BISBETA** 1.25 mg, een keer daagliks.

Indien u 'n sterker dosis nodig het, sal hy die volgende vir u gee:
na een week: **BISBETA** 2.5 mg, een keer daagliks,
na nog 'n week: **BISBETA** 3.75 mg, een keer daagliks
na 'n addisionele week: **BISBETA** 5 mg, een keer daagliks.
na nog vier weke: **BISBETA** 10 mg, een keer daagliks (maksimum dosis).
- Nadat behandeling met **BISBETA** 1.25 mg begin is, mag u dokter vir u oor 'n tydperk van ongeveer 4 uur waarneem om u bloeddruk en harttempo te moniteer en te sien of tekens van verergering van hartversaking voorkom.
- U dokter mag behandeling onderbreek of die dosering stap vir stap verminder, indien hy dit nodig ag.
- Behandeling van stabiele chroniese hartversaking met **BISBETA** is gewoonlik 'n langtermyn behandeling.

Indien u meer BISBETA neem as wat u behoort te neem:
- Simptome van oordosering mag stadig hartslag en ernstige lae bloeddruk insluit. Hyg of kortasem en hartversaking mag voorkom.

In die geval van oordosis moet u u dokter of apteker raadpleeg. Indien beide nie beskikbaar is nie, moet u die naaste hospitaal of gifbeheersentrum kontak.

Indien u vergeet om BISBETA te neem:
- Moenie 'n dubbele dosis neem om op te maak vir vergete individuele dosisse nie. Neem die normale dosis sodra u daarvan onthou, en gaan dan met die gebruiklike dosis die volgende dag voort.

Effekte wanneer behandeling met BISBETA gestaak word:
- **Staking van behandeling met BISBETA: Moenie behandeling skielik staak of die aanbevole dosis verander sonder om eers met u dokter daaroor te gesels nie**. Indien dit nodig is om behandeling te staak, word dit geleidelik gedoen om newe effekte te vermy.

5. MOONTLIKE NEWE EFFEKTE

BISBETA kan newe effekte veroorsaak.
Kry mediese noodhulp indien u enige van hierdie **tekens van 'n allergiese reaksie** ontwikkel:
- Galbulte/ veluitslag; probleme met asemhaling; swelling van jou gesig, lippe, tong, of keel.

Skakel jou dokter dadelik indien u enige van hierdie ernstige newe effekte ondervind:
- Stadige, vinnige of kloppende hartslae
- Borspyn
- Duiseligheid, lighoofdigheid of floute
- Gevoel van kortasem, selfs met ligte inspanning
- Swelling van die enkels, voete of die onderste deel van die bene
- Ongewone bloeding of kneusing
- Hallusinasies (valse persepsies), verlies van kontak met die werklikheid
- Verdowing, prikkeling, of 'n koue gevoel in u hande of voete

U mag moegheid, uitputting, duiseligheid en hoofpyn ondervind, veral tydens die eerste twee weke van behandeling.

Ander newe effekte sluit in: te min witbloedselle; gebrek aan energie, moegheid, lusteloosheid; ligte hoofpyn; probleme met slaap; depressie; probleme met visie; sweet; velreaksies (veluitslag, jeuk); haarverlies, lae bloeddruk; hoë bloeddruk; rusteloosheid; naarheid (mislikheid, gevoel dat mens gaan opgooi); braking; diarree (frekwente of los waterige stoelgang); hardlywigheid; inflammasie van die mond; gehoorprobleme; spierkrampe; spierswakheid; gewigstoename; lae bloedsuiker; verhoogde uriensuurvlakke in die bloed; verhoogde bloedvlakke van sommige vette; duiseligheid, lighoofdigheid of floute (veral wanneer daar uit 'n lêende posisie opgestaan word); nagmerries; brongospasma (konstriksie van lugweë wat probleme met asemhaling veroorsaak); hepatitis (inflammasie van die lewer) en verhoogde lewerensieme (vergeling van jou vel of die wit deel van jou oë mag opmerk word); impotensie (verlies aan manlike seksuele vermoë); loopneus; droë oë en konjunktivitis.

Vertel u dokter indien enige van bogenoemde newe effekte ernstig is, u pla, nie verdwyn nie of oor enige bekommernisse wat u het terwyl u **BISBETA** neem.

Nie alle newe effekte wat vir **BISBETA** aangemeld is, word in hierdie brosjure ingesluit nie. Indien u algemene gesondheid sou vererger terwyl u **BISBETA** neem, moet u asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige vir advies raadpleeg.

6. BERGING EN WEGDOENING VAN BISBETA

Bewaar by of onder 25 °C (kamertemperatuur). Moenie die stulpverpakking uit die karton verwyder nie, voordat dit vir gebruik benodig word. Die houer moet dig gesluit gehou word.

Bewaar alle medisyne buite bereik en sig van kinders.

Gee alle ongebruikte medisyne terug aan jou apteker.
Moenie ongebruikte medisyne in dreine of rioolsisteme (bv. toilette) weggooi nie.

7. AANBIEDING VAN BISBETA

BISBETA 2.5 mg, BISBETA 5 mg EN BISBETA 10 mg:
Stulpverpakking:
Tablette word verpak in 'n gedrukte of drukdeur aftrekbareer foelie bestaan uit 25 mikron aluminiumfoelie met 7 g/m² hitte-verseëlde lak. Een stulpverpakking bevat 10 tablette.
Verpakkingsgrootte: 30s: Elke karton bevat 3 stulpverpakkings van 10 tablette elk.

HDPE-houer Verpakking:
Tablette word verpak in 'n wit, ondeurskynende 40 ml HDPE-houer en 'n wit ondeurskynende RS sluitstuk, met 'n induksie seël pluisie wat 1 silikajelsakkie bevat. Elke houer bevat 30 tablette.
Verpakkingsgrootte: 30s: Een HDPE-houer bevat 30 tablette.

8. IDENTIFIKASIE VAN BISBETA

BISBETA 2.5 mg:
Wit, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette, ingegraveer met 'P' en 'n breeklyn aan die een kant, en '2' aan die ander kant.

BISBETA 5 mg:
Wit, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette, ingegraveer met 'P' en 'n breeklyn aan die een kant, en '5' aan die ander kant.

BISBETA 10 mg:
Wit, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette, ingegraveer met 'P' en 'n breeklyn aan die een kant, en '10' aan die ander kant.

9. REGISTRASIENOMMER/ VERWYSINGSNOMMER

SUID AFRIKA:
BISBETA 2.5 mg: 45/5.2/0789
BISBETA 5 mg: 45/5.2/0790
BISBETA 10 mg: 45/5.2/0791
NAMIBIË:
BISBETA 2.5 mg: 18/5.2/0065
BISBETA 5 mg: 18/5.2/0066
BISBETA 10 mg: 18/5.2/0067

10. NAAM EN ADRES VAN REGISTRASIEHOUER

AUROGEN SOUTH AFRICA (EDMS) BPK
Woodhill Kantoorpark, Gebou Nr. 1
Eerste Vloer, Phillip Engelbrechtlaan 53,
Meyersdal, Uitbr. 12, Johannesburg,
Suid Afrika, 1448

11. DATUM VAN PUBLIKASIE

Datum van registrasie:
10 April 2014

Datum van hersiening:
11 Februarie 2022